SOLIDARITEIT

# TARIEFBAROMETER

**September 2025**

Theuns du Buisson en Myrtle Endley



## Inleiding

Met die aankondiging van die 30%-tarief op Suid-Afrikaanse goedere wat na die VSA uitgevoer word, is dit sinvol om 'n maandelikse oorsig te gee van wat die land teen die agtergrond hiervan te wagte kan wees. Hierdie verslag is die eerste van 'n maandelikse verslag wat voortaan saamgestel sal word om uitvoere na die VSA te monitor.

In hierdie eerste uitgawe is Suid-Afrika nog nie direk deur die 30%-tarief geraak nie en dit dien dus as basis waarmee toekomstige uitvoerstatistieke vergelyk kan word. Die impak van die algemene staaltarief wat in Februarie ingestel is, is wel reeds duidelik in beskikbare statistieke.

## Die tydlyn tot dusver

**Januarie tot November 2024**

Trump voer sy verkiesingsveldtog en maak gereelde uitsprake oor tariewe wat hy op invoere sal hef omdat die res van die wêreld, volgens hom, die VSA se verbruikersmark misbruik. Hy noem gereeld dat "tarief" sy gunstelingwoord in die woordeboek is.

Verskeie samesprekings tussen Afrikalande en die VSA vind plaas om AGOA as wet te behou en voordele uit te brei.

**5 November 2024**

Die Amerikaanse verkiesing vind plaas en Trump word tot 47ste president van die VSA verkies.

**20 Januarie 2025**

Trump word as president van die VSA ingehuldig. Hy belowe dat die goue era vir Amerika begin en dat die land van daardie dag af sal floreer en oral ter wêreld gerespekteer sal word.

Trump beëindig bykans alle USAID-projekbefondsing, onder andere vir PEPFAR wat MIV-projekte in Afrika, insluitend Suid-Afrika, befonds.

Dit word duidelik dat beleide soos AGOA wat lande as 'n groep reguleer, nie op Trump se agenda is nie, maar dat alle lande individueel aan tariewe en vrystellings onderwerp sal word.

**26 Januarie 2025**

Verskeie MIV-bekampingsprojekte word in kennis gestel dat hul fondse gestaak word en dat hul werk beëindig moet word.

**31 Januarie 2025**

Trump se perssekretaris, Karoline Leavitt, kondig namens Trump die eerste algemene invoertariewe aan: 25% vir Kanada en Mexiko en 10% vir China. Dit sou vanaf 1 Februarie van krag wees.

**3 Februarie 2025**

Marco Rubio, die VSA se minister van buitelandse sake, kondig aan dat hulle beplan om USAID te sluit.

Trump skryf op Truth Social en sê later aan die media: "Terrible things are happening in South Africa – the leadership is doing some terrible things, horrible things," met verwysing na diskriminasie teen wit mense en die onteieningswet wat in Januarie onderteken is.

**4 Februarie 2025**

Trump bestempel die pas ingestelde tarief op China as die "openingsalvo" terwyl China van sy kant af tariewe op verskeie produkte vanuit die VSA instel.

**10 Februarie 2025**

Trump stel 'n 25%-tarief op alle ingevoerde staal- en aluminiumprodukte in.

**26 Februarie 2025**

Trump kondig 'n algemene tarief van 25% op produkte uit die EU aan.

**27 Februarie 2025**

Trump kondig aan dat die 25%-tarief op goedere uit Kanada en Mexiko vanaf 4 Maart van krag sal wees en hy verhoog die tarief op Chinese produkte na 20%.

**5 Maart 2025**

Trump stel komponente wat in die motorvervaardigingsbedryf gebruik word, vir 30 dae van tariewe vry.

**6 Maart 2025**

Tariewe op goedere uit Kanada en Mexiko word tot 2 April uitgestel.

**26 Maart 2025**

Trump stel 'n 25%-tarief in op alle voertuiginvoere.

**21 Mei 2025**

Trump vergader met president Ramaphosa en konfronteer hom oor die aanhitsing van geweld teen wit mense in Suid-Afrika. Ramaphosa sit en giggel terwyl 'n video waarin Malema "Kill the Boer" sing, vertoon word. Hy maak plaasmoorde af as gewone misdaad.

**7 Julie 2025**

Trump dreig om ’n addisionele tarief van 10% op alle BRICS-lande te hef.

Trump skryf ’n brief aan Ramaphosa waarin hy ’n 30%-tarief op goedere uit Suid-Afrika aankondig. In die brief sê hy dat die tarief geskrap sal word indien Suid-Afrikaanse maatskappye aanlegte in die VSA open en as die handelsbalans herstel. Hy voeg by dat die tarief gewysig kan word indien Suid-Afrika tariewe op Amerikaanse produkte skrap.

**7 Augustus 2025**

Algemene tariewe op verskeie lande word van krag, waaronder ’n 30%-tarief op goedere uit Suid-Afrika.

**27 Augustus 2025**


Trump dreig om ’n 100%-tarief op BRICS-lande te hef, sou hulle voortgaan met hul pogings om die Amerikaanse dollar as reserwegeldeenheid en algemene handelseenheid te ondermyn.

**8 September 2025**


Verskeie staatshoofde van BRICS-lande vaar uit teen Trump se dreigemente.

## Die effek tot op hede


Omdat handelstatistieke vir Augustus nog nie beskikbaar is nie, en die volle effek van tariewe waarskynlik eers in September sigbaar sal word, dien beskikbare statistieke as basis waarmee toekomstige handel vergelyk kan word.



Om die tendens in die handelsbalans beter te vertoon, word die data in die onderstaande grafiek ook as kwartaallikse gemiddelde ontleed:




Soos die volgende grafiek illustreer, is die impak van tariewe reeds in die staalbedryf duidelik nadat algemene tariewe op staal vanuit alle lande reeds in Februarie ingestel is. Staaluitvoere was die afgelope paar jaar relatief konsekwent, maar dit toon 'n skerp afname in die tweede en veral derde kwartaal, volgens die kwartaalgemiddelde soos in die grafiek uiteengesit. Staaluitvoere het in vorige jare 'n konsekwente toename in Maart gehad, terwyl die volume van uitvoere in Maart vanjaar, kort ná die aankondiging van die tarief, die laagste van die afgelope drie jaar was. Dit was sedertdien konsekwent laer as in vorige jare.




## Gevolgtrekking

Tot dusver is die impak van tariewe nog slegs in die staalbedryf sigbaar, aangesien dit aan 'n tarief onderwerp is wat reeds in Februarie ingetree het. Die verwagting is dat ander bedrywe ook sterk negatief geraak sal word deur die beleid.